Every child is a National Asset

# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

## Gedig 8: Haar uitvaart – P.J. Philander

*Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 78

KONSEP



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead

# Gedig 8. Haar uitvaart – P.J. Philander

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 8

# 1. Digvorm

Die gedig bestaan uit 12 reëls en ses koeplette. Daar is ses strofes van twee versreëls elk (koeplette).  Die rymskema van elke koeplet is paarrym.



www.shutterstock.com · 1348704458

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# 2. Analise

Die titel: Haar" dui op 'n vroulike persoon.
"uitvaart" dui op weggaan/dood.
Progressie word uitgebeeld deur die dogtertjie wat siek is en dan sterwe.

**Haar uitvaart - P.J. Philander**

1. *Al oor my dak het hul gemaal ...*
2. *dié voëltjies het vir haar kom haal.*

3. *Half-toegevoue vuisies klein*
4. *het ylings na die doodsgordyn*

r. 3-4: Inversie (omgekeerde woordorde) kom in versreël 3 voor. Inversie word aangewend ter wille van die rymskema.
Die dogtertjie lê in pyn met haar vuisies wat half toe is. Sy het koors en sy gryp na iets (dood) en …

r. 1-2: Alliterasie van die h-klank bind die gedig tot eenheid.
Figuurlike betekenis (reël 2): dit wys op die dogtertjie se dood wat al hoe nader kom (eufemisme).
Ellips in reël 1, 5 en 9 dui op ruspouses wat die spreker (pa) neem om te wys hoe moeilik dit vir hom is om oor die dood van sy dogtertjie te praat.
"dié" verwys na spesifieke voëltjies.
Die gebruik van die verkleinwoorde beklemtoon/versterk die gedagte dat die dogtertjie nog klein is. (reëls 2, 3, 6, en 7)

5. *gegryp en dan weer moeg verslap …*
6. *die sweet het langs haar slapies afgetap.*

r. 5-6:... maak dan weer die handjies oop. Die pyn laat die sweet teen haar slape afloop. Die ellips wys weereens op die pa se emosionele ervaring van die dogtertjie se siektetoestand.

*7. Haar ogies sien ek duidelik nog,*
*8. hul het vir my gesmeek om tog*

r. 7-8:Reël 7 – 12 dui op die spreker (pa) se innerlike gevoelens. Die spreker onthou hoe haar oë hom gesmeek het …




basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
o Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Opsomming van STROFES 1-3

Die punt aan die einde van versreël 6 dui die skeiding aan (versreël 1 – 6):

Die pa se uiterlike waarneming van die dogtertjie se stryd teen die dood.




www.shutterstock.com · 2192557685

*te help … die pyn te stil,*
*maar ek was magteloos teen Sy wil,*

*en halfweg na die hospitaal*
*het, asemloos, die dood ons ingehaal*.

r. 9-10: ... om haar te help om die pyn weg te vat, maar hy weet dat sy gaan sterf en hy kon niks doen om haar pyn weg te vat nie. Dis Sy wil dat die dogtertjie gaan sterf. Die ellips in reël 9 dui steeds daarop dat die pa sukkel om woorde te vind vir die dogter se pyn.

r. 11-12: Halfpad na die hospitaal is die dogtertjie dood.
Inversie (reël 12): word gebruik ter wille van rymdwang en om te beklemtoon dat die dood hulle saggies ingehaal het.
Alliterasie: herhaling van die ‘h’-klank bind die gedig tot ŉ eenheid.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Opsomming van STROFES 4 – 6

Versreël 7 – 12 dui op die pa se innerlike gevoelens.




www.shutterstock.com · 2005057694

# Opsomming

Die gedig is ’n hartseer verhaal van ’n vader wat sien hoe sy siek dogtertjie doodgaan. Hy kan haar nie help nie en sy sterf in sy arms.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# 3. Tema en boodskap

**Tema:** Die dood.

**Boodskap:** Die dood is onvermydelik. ’n Ouer beleef baie pyn en magteloosheid wanneer ’n kind stadig voor hom/haar sterf.




www.shutterstock.com · 588238712

# 4. Beeldspraak en stylfigure

5. *gegryp en dan weer moeg verslap …*
6. *die sweet het langs haar slapies afgetap*.


r. 5: Daar is ŉ **kontras** tussen die “gegryp” en “verslap”. Dit beklemtoon die intensiteit van haar siekte.



# Beeldspraak en stylfigure

*11. en halfweg na die hospitaal*
*12. het, asemloos, die dood ons ingehaal.*

r. 12: **Personifikasie**: Die dood is “asemloos” en het die pa en sy dogter “ingehaal” asof dit menslike eienskappe het.



www.shutterstock.com · 410351026

# 5. Toon en stemming

**Toon**: Die digter skep spanning met die manier waarmee hy die naderende dood visualiseer.

**Stemming**: Somber/hartseer



www.shutterstock.com · 761918164

# Aktiwiteit 8

Voltooi aktiwiteit 8 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae:

8.1 Wat beteken die woord "uitvaart" volgens die gedig? (1)

8.2 Waarmee word die ruspouses in die gedig uitgebeeld? (1)

8.3.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Reël 2 is ʼn voorbeeld van (denotiewe/konnotatiewe) taalgebruik. (1)

8.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

8.4 Waarom word inversie in reël 3 gebruik? (1)

# Aktiwiteit 8

| | | |
|---|---|---|
| 8.5 | Waarop dui die verkeinwoorde wat gebruik word in versreël 2, 3, 6 en 7? | (1) |
| 8.6 | Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer 8.6 neer.<br>(Reël 12) “het, asemloos, die dood ons ingehaal” is ŉ voorbeeld van …<br>A ellips.<br>B metafoor.<br>C personifikasie.<br>D vergelyking. | (1) |

# Aktiwiteit 8

| | | |
|---|---|---|
| 8.7 | Gee die TWEE woorde wat dieselfde betekenis in strofe 6 het. | (2) |
| 8.8 | Gee ŉ voorbeeld van alliterasie in strofe 1. Skryf die sin oor en onderstreep die allitererende klanke. | (1) |
| 8.9 | Kies die korrekte woord tussen hakies.<br><br>Die (ambulans/dood) het die resies na die hospitaal gewen. | (1) |
| 8.10 | Die pa kon die dogtertjie help om haar pyn minder te maak.<br><br>Die stelling is ONWAAR. Skryf ŉ reël neer om dit te bewys. | (1) |
| 8.11 | Die gedig word in twee verdeel, nl. reëls 1- 6 en reëls 7-12. Bespreek die kontras in hierdie twee dele. | (2) |
| 8.12 | “hul het vir my gesmeek om tog te help” (reëls 8 en 9) Wat sou jy gedoen het as jy die dogtertjie se pa was? | (1) |
| 8.13 | Watter gevoel sal jy ervaar as iemand na aan jou sterf? Motiveer | (2) |
| | | [17] |

# Bronverwysing na foto's en prente

- Skyfie 3: https://www.shutterstock.com/image-vector/mothercare-sick-child-fever-ill-600w-1348704458.jpg
- Skyfie 5: https://www.shutterstock.com/image-vector/cute-little-girl-small-itchy-600w-1101641336.jpg
- Skyfie 6: https://www.shutterstock.com/image-photo/sad-father-sitting-beside-hospitalized-600w-2192557685.jpgt
- Skyfie 8: https://www.shutterstock.com/image-photo/sick-child-daughter-wearing-oxygen-600w-2005057694.jpg
- Skyfie 9: https://www.shutterstock.com/image-photo/broken-heart-sadness-frustration-flower-600w-588238712.jpg
- Skyfie 10: https://www.shutterstock.com/image-vector/flu-sick-woman-lying-bed-600w-1816899734.jpg
- Skyfie 11: https://www.shutterstock.com/image-vector/vector-illustration-ambulance-car-on-600w-410351026.jpg
- Skyfie 12: https://www.shutterstock.com/image-photo/christian-cross-appears-bright-sky-600w-761918164.jpg

Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933